# KEEP RUGBY CLEAN

WORLD RUGBY ANTI-DOPING

## Tramadol sal by die internasionale lys verbode middels (“WADA”-lys) van 2024 gevoeg word.

*Die verbodlys van 2024 sal op 1 Januarie 2024 van krag word.*

## WAT MOET JY WEET?

**Tramadol is ’n sterk pyndoder wat gebruik word om matige tot ernstige pyn te behandel (soos na ’n besering of operasie). Dis ’n tipe medikasie wat ’n opiaat, of verdowingsmiddel, genoem word en is beskikbaar as tablette, kapsules en druppels. Jou dokter kan Tramadol voorskryf as jy langdurige pyn het en swakker pyndoders nie help nie. Dit is slegs op voorskrif beskikbaar.**

**1. Risiko van oortreding van die reël**
As jy “in kompetisie” getoets en Tramadol gevind word, kan dit tot ’n dwelmverbodoortreding lei (selfs al het jy dit “buite kompetisie” gebruik).

**2. Staak gebruik van Tramadol**
As jy tans Tramadol gebruik, moet jy stappe begin doen om die gebruik veilig te staak, en wel so gou moontlik.

**3. Verslawing of afhanklikheid**
As jy bekommerd is oor afhanklikheid van of verslawing aan Tramadol moet jy jou spandokter gaan raadpleeg. As jy nie ’n spandokter het nie, moet jy jou unie se hoof- mediese beampte skakel. Anders kan jy vertroulik gesels met internasionale rugbyspelers of met jou nasionale spelersunie, en hulle sal jou oor die toepaslike behandeling/ oplossing inlig.

**Jy kan meer inligting oor die insluiting van Tramadol op die lys verbode middels van 2024 hier kry.**

**ONTHOU OM ALTYD TE SORG DAT JOU MEDIKASIE GEEN VERBODE STOF BEVAT NIE**